**Maandag 10 Augustus**

**Skrifgedeelte: Lukas 10:38-42**
**Fokusgedeelte: Lukas 38:42**

## God praat deur Martha en Maria: hervorm deur die Woord

Elke dag is vol, besig. Het u mooi nagedink: verreweg die meeste van ons bedrywighede, verantwoordelikhede en bekommernisse fokus op “brood en botter”-sake. Dit is waarvoor ons werk, studeer, saketransaksies sluit, ry, kuier, ons talente gebruik. ’n Mens moet leef! Verge-lyk die tyd per dag wat ons aan al ons verantwoordelikhede spandeer en die tyd wat ons aan sit en luister spandeer. Marta (dienares) se gedagtes en hande was vol met die voorsiening vir haar familievriend, Jesus. Sy moet gereedstaan om te kan bedien. Daar is nie tyd vir sit en niks doen nie.

Maria gaan sit by Jesus se voete en luister. Vir Marta (meesteres) is dit een te veel. Sy kom staan voor Jesus met die klagte dat haar suster haar nie help nie. Jesus hervorm Marta se ingesteldheid: jy is bekommerd oor baie. Jesus spesifiseer nie wat die “baie” is nie. Eintlik is die “baie” niks in vergelyking met die woorde waarna Maria luister nie. Hierin is Jesus terug by ’n ewige waarheid, vanuit die Ou Testament (Deut. 8:3b). Hy het dit gedoen om jou te leer dat ’n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom.

Hy is immers die Woord wat mens geword het en onder ons kom woon het. Hy is die Een waar-mee ek en jy eers gevoed moet word. Hy is baie belangriker as “brood en botter”. Al ons verantwoordelikhede en bekommernisse kry perspektief wanneer ons eers na die Woord, die evangelie, luister. Wanneer ons in die eet van die lewende Brood hervorm word, om te verstaan dat ons dienswerk deur Christus inhoud en rigting kry. Nie deur die hoeveelheid wat ek en jy vermag nie, want ek en jy gaan verby. So ook ons dienswerk, maar die Woord bly vir ewig. Die Woord waaruit die Marta en Maria wat na ons kom, ook eers hervorm moet word, om reg te kan dien.

*Sing: Psalm 119:33*
*Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)*